

Nuusgebeure van die afgelope week (5 September 2019):

1. Golf van plundery en geweld in Johannesburg glo xenofobie

Suid-Afrika se president, Cyril Ramaphosa het op Dinsdag 3 September, die vlaag plundery en geweld wat in Johannesburg gesentreer is en wat xenofobies van aard is, veroordeel. Die onrus het op Sondag 1 September begin met stedelike onluste, plundery, asook motors en geboue wat aan die brand gestee is. Besighede wat deur buitelanders besit word, is glo geteiken. Daar was ook 'n golf van betogings in die vervoerbedryf, toe burgers teen die indiensneming van buitelandse drywers beswaar gemaak het. Suid-Afrika is 'n gunsteling bestemming vir ekonomiese migrante uit ander Afrika-lande, maar leiers van Afrika-regerings sowel as die Afrika-unie het die onlangse onrus veroordeel en buitelanders in Suid-Afrika gewaarsku om versigtig te wees.

Uit 'n Christelike perspektief is dit baie makliker gesê as gedaan om op xenofobie te reageer, maar as die Kerk nie met 'n boodskap van versoening toetree nie, wie sal dit dan doen? Politici en wetstoepassers kan hierby betrokke wees, maar hul prioriteite verskil van dié van Christus. Geen kerk is immers immuun daarteen om in 'n borrel vasgevang te word en die buitestaander te vermy nie, maar die verhaal van die barmhartige samaritaan gee 'n duidelike opdrag om na kulture en gemeenskappe buite ons eie uit te reik. Die uitdaging vir alle gelowiges in Suid-Afrika is nou om te vra wat elkeen geroep word, om binne en buite hul persoonlike invloedsfere, te doen.

Bid saam met ons vir die volgende:

- Dat die geweld, onrus en vyandigheid tot 'n einde sal kom;
- dat politieke- en gemeenskapsleiers gelei sal word om wyse besluite te neem tot voordeel van almal in die land; en
- dat die Kerk in Suid-Afrika instrumenteel daarin sal wees om vrede en versoening, te bewerkstellig.

2. Colombiaanse rebelleleier doen 'n beroep om weer wapens op te neem, drie jaar na vredesooreenkoms

Op Woensdag, 28 Augustus, het twee voormalige bevelvoerders van die Gewapende Revolusionêre Magte van Colombia (bekend as Farc) in 'n video gesê dat hulle met 'n nuwe offensief begin wat dreig om vyf dekades van gewapende konflik teen die regering, weer te laat opvlam. Meer as 260,000 mense is dood en miljoene onthoem tydens die konflik tussen die regering en die groep rebelle. 'n Vredesooreenkoms, wat drie jaar gelede deur Farc en die Colombiaanse regering onderteken is, is onder druk op verskeie fronte, maar 'n

voormalige bevelvoerder van Farc het gesê dat die meeste voormalige vegters steeds tot vrede verbind is. Die Colombiaanse president het 'n beloning uitgereik vir inligting wat lei tot die inhegtenisneming van elkeen wat in die video verskyn.

Uit 'n Christelike perspektief is dit nooit 'n maklike taak om vrede tussen strydende groepe te probeer bewerkstellig nie. Vrede is egter 'n goddelike en Bybelse beginsel wat die moeite werd is om na te streef. Jesus het in Sy 'bergrede' gesê: "Salig is die vredemakers." In teenstelling hiermee kom Satan om te "steel, slag en uit te roei." Ons sien hierdie stryd duidelik in Colombia, waar die vyand nie wil hê dat die vredesooreenkoms moet slaag nie. Dit is 'n geestelike stryd wat hom op die aarde afspeel en doelgerigte, toegewyde voorbeding word benodig sodat vrede kan heers.

Bid saam met ons vir die volgende:

- Vir die Colombiaanse regering en voormalige Farc-lede om die vredesproses opreg na te streef;
- dat diegene wat die vredesproses wil ontspoor, Jesus, die Vredevoers, sal ontmoet; en
- dat gelowiges, toegewyd, sal bly intree vir Colombia.

3. Eerste massa-aankoms van migrante-bote in Griekeland in drie jaar

Op Donderdag, 29 Augustus, het meer as 'n dosyn bote wat migrante vervoer, op die eiland Lesbos, in Griekeland aangeland. Dit is die eerste massa-aankoms van vlugteling uit die naburige Turkye in drie jaar. Griekeland se regering het noodmaatreëls in werking gestel om die nuwe instroming van asielsoekers te hanteer, asook seepatrollies vermeerder om sodoende mensehandelaars vas te trek. 'n Aanslag op migrante in Turkye, wat meer as 3.6 miljoen ontheemde Siriërs huisves, asook die intensifisering van gevegte in die naburige Idlib is vermoedelik die rede vir hierdie nuwe stroom van migrante, hoewel die meerderheid van hulle Afgane blyk te wees. Die meeste nuwe aankomelinge sal na Moria-kamp, Europa se grootste sentrum wat migrante ontvang, geneem word. Dié sentrum huisves tans ongeveer vier keer meer mense as waarvoor dit oorspronklik ontwerp is. Oorbewoning is, in elke kamp op die eiland, 'n probleem en Griekeland maak staat op hulle buurlande om bystand te bied, om die mees kwesbare mense te hervestig.

Uit 'n Christelike perspektief bly die benarde lot van vlugteling, asielsoekers en verarmde migrante, die onopgeloste krisis van ons tyd. In sulke kontekste, is daar ook enorme geleenthede vir gelowiges om Christus se liefde aan hierdie groot getalle ontworteldes, ten toon te stel. Dit wou voorkom asof die geleentheidsvenster onder die ontheemdes toegegaan het, soos wat die oorlog in Sirië tot 'n einde kom. Hiérdie onlangse verwickelinge dui egter daarop dat geleenthede om te dien, volop bly en die oes steeds ryp

is. Die arbeiders is egter steeds min en daar is 'n behoefte daaraan dat die kerk nou eerder as later, daarop moet reageer.

Bid saam met ons vir die volgende:

- Dat die Kerk nie hierdie belangrike geleentheid om na die verlorenes met die evangelie, uit te reik, sal mis nie;
 - dat meer arbeiders gewillig sal wees om in die oesland te gaan dien; en
 - dat gelowiges met deernis en vrygewigheid, sal dien.
-

4. Baptiste predikant in Mianmar staar regsding in gesig vir uitspraak teen weermag

'n Baptiste predikant in Mianmar, wat in Julie met Amerika se president, Donald Trump, in die Withuis vergader het, staan voor 'n regsding weens sy kritiek teenoor die weermag. Hkalam Samson, wat ook president is van die Kachin Baptiste Konvensie in Mianmar, het aan Trump gesê dat etniese groepe deur die militêre regering onderdruk en gemartel word. 'n Regstreekse video-uitsending oor die vergadering in die Withuis, is op Facebook geplaas. Die afgelope drie jaar het Mianmar se weermag tientalle klagtes van naamskending teen kritici ingedien en baie is, as gevolg daarvan, tronk toe gestuur. Mianmar, met 'n meerderheid Boeddhiste, is veral bekend vir die onderdrukking van die Moslem Rohingya-minderheidsgroep, maar Christene in die land kom ook voor veelvuldige uitdagings te staan.

Uit 'n Christelike perspektief is vervolging van die gelowige minderheid regoor die wêreld, niks nuuts nie en vervolging kan op 'n wye verskeidenheid maniere plaasvind. Hiérdié spesifieke voorval kan egter die teenoorgestelde uitwerking hê van wat die owerhede beoog het, omdat dit die internasionale kollig op die hardhandige taktieke van die weermag, gefokus het. Die Here kan weereens iets, wat die vyand beoog het om mee kwaad te doen, neem en dit ten goede gebruik om Sy Koninkryk uit te bou.

Bid saam met ons vir die volgende:

- Dat die Kerk in Mianmar moedig en dapper in die aangesig van opposisie, sal bly;
 - dat die minderheid gelowiges in Mianmar met die evangelie na ander wat ook gemarginaliseer is, sal uitreik; en
 - dat die Here, Mianmar se leiers se harte sal versag, sodat hulle Hom kan erken as die Weg, die Waarheid en die Lewe.
-

5. Miljoene in die deelstaat Assam in Indië vrees deportasie of aanhouding

Op Saterdag, 31 Augustus, is 1.9 miljoen mense in Indië se deelstaat, Assam, uit die bygewerkte Nasionale Register van Burgers (N.R.B.) wat deur die regering gepubliseer is, uitgesluit. Dit het gelei tot wydverspreide vrees vir deportasie of aanhouding. Assam grens aan Bangladesj, wat 'n Moslem-meerderheid nasie is en Indië se regering sê dat dit noodsaaklik is om onwettige migrante uit Bangladesj, te identifiseer. Slegs diegene wat kan bewys dat hulle of hul families, voor Bangladesj se onafhanklikheidsoorlog in 1971, in Indië was, sal as Indiese burgers gereken word. Diegene wat uit die register uitgesluit is, is 120 dae gegun om hul burgerskap by spesiale howe, te bewys. Assam is een van Indië se mees multi-etniese state en 'n derde van die bevolking is Moslem. Ontleders het hierdie onlangse verwikkelinge aan die eerste minister, Narendra Modi, se Hindoe-nasionalistiese agenda, gekoppel.

Uit 'n Christelike perspektief, wanneer mense in chaos gedompel word, is daar geleentheid vir bediening en om die evangelie te deel. Mense wat onsekerhede ervaar en veral diegene wat verstoot voel, reageer dikwels beter wanneer hulle hoor van 'n God wat hulle op hul naam ken, wat vir hulle lief is en wat hul behoeftes op die hart dra. Dit is 'n uitstekende geleentheid vir die Kerk in Indië en vir buitelandse Christene wat in Indië werk, om vertroosting te bied en van die hoop in Christus Jesus, te getuig. God beweeg en ontwrig mense gereeld vir die doel van Sy Koninkryk en die Kerk kan reageer deur deel te wees van wat Hy doen.

Bid saam met ons vir die volgende:

- Dat die Here gelowiges in Indië sal roer om na die ongeregistreerde mense van Assam uit te reik;
- dat die Here die harte van diegene wat hoop en 'n toekoms soek, sal open; en
- dat die Kerk in Indië bekend sal wees vir gasvryheid en inklusiwiteit.